higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N6
(Eerste vraestel)

10 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: NOTULE VAN VERGADERING

NOTULE VAN 'N SPESIALE ALGEMENE VERGADERING **X** VAN THE HOME GURU **X** SOOS GEHOU OP 25 MEI 20.. **X** OM 14:45 **X** IN DIE PERSONEELKAMER **X**

1. BYWONINGSREGISTER **X**

   Twaalf lede woon hierdie vergadering by.✓

2. VERSKONINGS **X**

   Anka Pretorius het griep en kan dus nie die vergadering bywoon nie.✓

3. OPENING EN VERWELKOMING **X**

   Die voorsitter, Mnr. Krige, open die vergadering. Hy bedank lede vir hul vinnige optrede en stiptelike bywoning op kort kennisgewing.✓

4. NUWE MOONTLIKE VERSKAFFERS **X**

   Mnr. Krige lig die vergadering in dat hul verskaffer van grondstowwe, KTM, bankrot verklaar is.✓ Die organisasie benodig nou nuwe verskaffers. Mnr. Krige vra dat die lede voorstelle moet maak.✓ Mnr. Uys stel Tristan's Stones and Tiles wat in Durban geleë is voor.✓ Die organisasie voer teëls in van Switserland en Italië.✓ Me. Steenhuys stel PCP Sement voor.✓ Die organisasie is in Greytown geleë en is goedkoop en betroubaar.✓ Mev. Jackson stel Droomland Meubelvervaardigers in Mooirivier voor.✓ Hul produkte is van goeie gehalte en hulle bied 'n groot verskeidenheid aan.✓ Mnr. Krige stem in en sal afsprake maak om die besighede te besoek om te besluit of daar van die besighede se dienste gebruik gemaak sal word.✓ Hy kondig aan dat die besoeke tussen 2 en 3 Junie afgelê sal word.✓

5. AFSLUITING **X**

   Die vergadering sluit om 15:50.✓

INHOUD	UITLEG	TAAL/STYL
2 aangedui met **X** (-½ per fout/weglating)	14 aangedui met ✓	4 (-½ per fout)

[20]

VRAAG 2: INTERN MEMO

THE HOME GURU X
MEMO **X**

AAN: Alle personeel **X**

VAN: Mnr. T. Krige (eienaar) **X**

DATUM: 30 Mei 20.. **X**

ONDERWERP: BESOEK AAN DURBAN, GREYTOWN EN MOOIRIVIER
(Enige relevante opskrif) **X**

Hiermee wil ek u graag in kennis stel dat ’n krisis ontstaan het by een van ons projekte.✓ Die kliënte is nie tevrede met die uitleg van hul nuwe kombuis nie.✓ Ek sal graag self betrokke wil wees wanneer ons die kombuis weer oordoen.✓

Dit beteken dat ek nie in staat sal wees om besoek by die potensiële verskaffers af te lê nie.✓ Mnr. Uys, ons aankoopbestuurder, sal in my plek besoek aflê.✓

Indien u materiaal of items benodig vir projekte moet u voor of op 30 Mei 20.. u bestellings plaas.✓

Mnr. T. Krige handtekening **X**

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
5 aangedui met **X** (-½ per fout/weglating)	6 aangedui met ✓	4 (-½ per fout)

[15]

VRAAG 3: NAVRAAGBRIEF

THE HOME GURU X

Tel.: (Enige) **X**
Faks: (Enige) **X**

Adres (enige aanvaarbare) **X**
Pietermaritzburg **X**
Kode (Enige) **X**

30 Mei 20.. (enige datum ná 25 Mei en vóór 2 Junie) **X**

Die bestuurder **X**
PCP Sement **X**
Adres (enige aanvaarbare) **X**
Greytown **X**
Kode (enige) **X**

Geagte Meneer/Mevrou **X**

NAVRAAG: TOESTEMMING OM BESOEK AF TE LÊ (enige relevante opskrif) **X**

Ek sien uit daarna om in die toekoms besigheid met u organisasie te doen.✓

Een van ons organisasie se verskaffers het onlangs bankrot gespeel, en ons word genoodsaak om nuwe verskaffers te vind.✓

Daarom wil ons by u toestemming✓ vra dat mnr. Uys, ons aankoopbestuurder, op 2 Junie om 16:00 besoek by u organisasie aflê.✓ Kan u asseblief aandui wie die regte bestuurder sal wees om te kontak?✓ Sal hierdie betrokke bestuurder beskikbaar wees op voorgemelde datum?✓

Sal dit vir u moontlik wees om die verskillende beskikbare produkpakkette vir Mnr. Uys saam te stel?✓ Mnr. Uys sal graag die betrokke bestuurder wil uitneem vir ’n vroeë ete om die besoek mee af te sluit.✓ Kan u ’n geskikte restaurant voorstel?✓ Sal u dalk ook moontlike gastehuise voorstel waar mnr. Uys kan oornag?✓

Dankie vir u dringende aandag aan ons versoek. (enige relevante welwillendheid)✓

Die uwe **X**

Mnr. Tony Krige handtekening **X**
T. Krige **X**
EIENAAR **X**

UITLEG	INHOUD	TAAL
4 aangedui met **X** (-½ per fout/weglating)	11 aangedui met ✓	5 (-½ per fout)

[20]

VRAAG 4: REISPLAN

THE HOME GURU X REISPLAN VIR MNR. UYS **X** BESOEKE AAN POTENSIËLE VERSKAFFERS: 2-3 Junie 20.. **X**		
Donderdag (Enige dag) 2 Junie 20..✓½	08:00✓½	Woon finansiële vergadering by (The Home Guru).✓½
	10:00✓½	Vertrek na Pietermaritzburg met maatskappy se Polo.✓½ Kry petrolkaart by sekretaresse.✓½
	11:00✓½	Arriveer in Durban.✓½
	11:20✓½	Arriveer by Tristan's Stones and Tiles. Ontmoet mnr. Moodley, die algemene bestuurder.✓½ Adres: Alpha Cres 17, Umbilo industriële gebied✓½
	12:20✓½	Middagete by 9th Avenue Bistro✓½ in 2 Avonmore Sentrum, 9de Laan, Morningside✓½
	14:00✓½	Vertrek uit Durban.✓½
	16:00✓½	Arriveer in Greytown vir ’n ontmoeting met mnr. Jameson: PCP Sement.✓½
	18:00 ✓½	Tafel bespreek by Golden Oriole Restaurant in Cooper Straat 112.✓½
	20:00✓½	Tel kamer sleutel op by Rawstornes B&B (afgespreek met mev. Smith).✓½
Vrydag (Enige dag) 3 Junie 20..✓½	07:00✓½	Ontbyt bedien in Rawstornes B&B eetsaal.✓½
	08:00✓½	Vertrek uit Greytown.✓½
	09:00✓½	Arriveer in Mooirivier. Sien mnr. September van Droomland Meubelvervaardigers.✓½
	10:00✓½	Vertrek terug na Pietermaritzburg.✓½
	11:00✓½	Arriveer in Pietermaritzburg – handig maatskappy voertuig se sleutels by sekretaresse in.✓½ Word res van die dag verskoon.✓½

UITLEG	INHOUD	TAAL
3 aangedui met **X** (-1 per fout/weglating)	17 aangedui met ✓	5 (-½ per fout)

[25]

VRAAG 5: TERUGVOERVERSLAG

THE HOME GURU X

TERUGVOERVERSLAG OOR POTENSIËLE VERSKAFFERS
(Enige relevante opskrif) **X**

1. AGTERGROND **X**

   Op 2 en 3 Junie 20.. het ek potensiële verskaffers in Durban, Greytown en Mooirivier besoek.✓

2. DOEL

   Die doel van die verslag is om terugvoer te gee ten opsigte van die besoeke wat afgelê is en ’n gevolgtrekking te maak.✓

3. POTENSIËLE VERSKAFFERS **X**

   3.1 Tristan's Stones and Tiles – Mnr. Moodley en sy span het my beïndruk met hul professionalisme en die ordelike uitleg van die besigheid.✓ Die plaaslike produkte word teen billike pryse verkoop, maar die hoëgehalteprodukte wat ingevoer word, is duursaam.✓

   3.2 PCP Sement – Mnr. Jameson is bereid om materiaal teen 20% afslag te verskaf indien ’n bestelling van R10 000 of meer geplaas word.✓

   3.3 Droomland Meubelvervaardigers – Mnr. September het ’n klein organisasie met slegs ses werknemers.✓ Die organisasie sal dus nie groot bestellings kan hanteer nie.✓

4. GEVOLGTREKKING

   Die besoeke het waardevolle inligting verskaf. Ons kan van Tristan's Stones and Tiles en PCP Sement se dienste gebruik maak.
   (Enige relevante gevolgtrekking)

5. AANBEVELINGS **X**

   5.1 Enige relevant aanbeveling (byvoorbeeld meer potensiële verskaffers besoek)✓

   5.2 Enige relevant aanbeveling (byvoorbeeld meer plaaslike verskaffers gebruik)✓

OPGESTEL DEUR **X**

Uys handtekening **X**
B. Uys (Enige voorletters) **X**
AANKOOPBESTUURDER **X**

Adres (enige aanvaarbare – dieselfde adres as in vorige vrae) **X**
Pietermaritzburg **X**
Kode (Enige – dieselfde kode as in vorige vrae) **X**
Tel: (Enige – dieselfde nommer as in vorige vrae) **X** 4 Junie 20.. **X**

UITLEG	INHOUD	TAAL
5 aangedui met **X** (-1 per fout/weglating)	10 aangedui met ✓	5 (-½ per fout)

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou